

Wikkelvoetjies Kleuterskool

Adres:
Mahonielaan 3
Roodekrans

Tel nr: 079-035-6988
Registrasie Nr: BK2006/22558/23

Email Adres:

Ernie: ernie.strydom@vodamail.co.za
Jolene: jolene.cilliers@vodamail.co.za
Website: www.wikkelvoetjies.co.za



Kind			
Van:		Volle Name:	
Geboorte Datum:			
Is U die biologiese ouers van die kind:			
Aantal kinders in die gesin:			
Naam:		Ouderdom:	
Naam:		Ouderdom:	
Naam:		Ouderdom:	
Woonadres:			
Posadres:			
Huis Telefoon Nr:			
Pa		Ma	
Naam:		Naam:	
Werkgewer Naam:		Werkgewer Naam:	
Werkadres:		Werkadres:	
Telefoon Nr:		Telefoon Nr:	
ID Nr:		ID Nr:	
Selfoon Nr:		Selfoon Nr:	
Email Adres:		Email Adres:	
Mense wat die kind mag kom haal indien ouers nie kan nie:			
Naam:	ID Nr:	Selfoon Nr:	Verwantskap:
Persone wat NIE die kind mag kom haal nie:			
Naam:	ID Nr:	Selfoon Nr:	
Naam van Huisdokter:		Tel Nr:	
Mediese Fonds Nr:			

Enige ernstige en/of aansteeklike siektes.		
Enige allergieë of ander probleme.		
Enige emosionele probleme.		
Naam en Tel Nr van persone wat gekontak kan word in n noodgeval, indien ouers nie in die hande gekry kan word nie.		
Naam:	Tel Nr:	Verwantskap:
Persoon verantwoordelik vir die rekening:		
Naam:		
ID Nr:		
Email Adres:		
Diens wat U verkies?		
Voldag / Halfdag / Naskool:		

Voorwaardes van toelating

1. ALGEMEEN:

- Babakamer ouers is self verantwoordelik vir doeke en formule melk.
- Laat weet asseblief die skool as u kind vir langer as twee dae afwesig gaan wees.
- DIE SKOOL SAL ELKE DESEMBER VIR 3 WEKE SLUIT.
- Belangrike dokumente vir die begin van elke jaar:
 - Gesertifiseerde kopieë van:
 - U kind se geboorte sertifikaat
 - ID dokumente van beide ouers
 - Mediesefonds besonderhede
 - Enige grootte (verkieslik ID grootte) fotos van almal wat gemagtig is om u kind op te laai by die skool.
 - Enige grootte (verkieslik ID grootte) fotos van persone wat onder geen omstandighede u kind by die skool mag oplaai nie.

2. Ons ondersteun die beginsel van MOEDERTAALonderrig.

3. TYE:

VOL DAG: 06h30 - 17h30

HALF DAG: 06h30 - 14h00

- Ouers word versoek om asseblief stiptelik te wees. Ouers wat laatkom , veroorsaak onnodige ontsteltenis by kinders. 'n Oortydheffing sal betaalbaar wees volgens tariewe bepaal deur die bestuur van die skool.
- Lesse begin om 09h00. Ouers word versoek om kinders voor 08h30 by die skool te hê.

- Kinders moet na hulle klaskamers geneem word en mag onder geen omstandighede by die hek gelaat word nie. Wanneer kinders deur enige iemand anders as hulle ouers of wettige voogde by die skool gehaal word, moet die skool vooraf in kennis gestel word.
- Geen kind sal toegelaat word om die perseel te verlaat indien voorafreelings nie getref is nie.
- Die skool open om 06h30 en sluit **stiptelik** om 17h30. 'n Boete van R50 rand sal aan die einde van die maand gehef word vir na-ure.

4. NASKOOL:

GRAAD 'RR' tot GRAAD 'R'

- Kinders wat in graad 'RR' of 'R' is kan gehuisves word by Wikkeldoetjies Naskool. Die diens wat ons offer is soos volg;
- Ouers kan die kind vroegoggend by ons aflaai.
- Ons sorg dat die kinders na die Laerskool geneem word.
- Om 13h00, gaan ons die kinders by die Laerskool haal.
- Ons voorsien middag happietyd.
- Hulle bly dan by Wikkeldoetjies totdat hul ouers hulle kom afhaal.

GRAAD 1 tot 3

- Kinders wat in graad 1 tot 3 is kan gehuisves word by Wikkeldoetjies Naskool. Die diens wat ons offer is soos volg;
- Ouers kan die kind vroegoggend by ons aflaai.
- Ons sorg dat die kinders na die Laerskool geneem word.
- Na skool, gaan ons die kinders by die Laerskool haal.
- Ons voorsien middag happietyd.
- Die kinders doen hul huiswerk onder toesig.
- Hulle bly dan by Wikkeldoetjies totdat hul ouers hulle kom afhaal.

5. FOOIE:

2015	1st Kind	2de Kind	3de Kind
Voldag	R2120 per maand	15% Afslag	30% Afslag
Halfdag	R1800 per maand	15% Afslag	30% Afslag
Naskool Gr 'RR' tot Gr 'R'	R850 per maand	R850 per maand	R850 per maand
Naskool Gr 1 tot 3	R1060 per maand	R1060 per maand	R1060 per maand

- Skoolfooi is streng VOORUIT betaalbaar voor of op die eerste van die maand.
- VOLLE skoolfooi is steeds betaalbaar wanneer ouers met verlof gaan, wanneer 'n kind afwesig is a.g.v. siekte, asook gedurende die Desember reses van drie weke.
- Kwitansies word slegs vir kontantbetalings uitgereik.
- Kontantbetalings MOET aan die hoof of klasonderwyseres oorhandig word. Die skool neem geen verantwoordelikheid vir fooi wat in 'n kind se tas geplaas word of aan 'n kind oorhandig word, en dan verlore raak nie.
- Koste wat die skool mag aangaan in die verhaling van agterstallige skoolgelde sal van die ouer of wettige voog gevorder word.
- R600 registrasie fooi per gesin is betaalbaar by inskrywing van kind.
- n Admin fooi van R50 sal gehef word op kontant betalings sowel as laat betalings
- Geen buitemuurse aktiwiteite fooi mag by die skool inbetaal word nie, maar wel aan die betrokke aktiwiteit se rekening.

- 10% afslag word toegestaan vir skoolfonds wat vir 'n jaar vooruit betaal word.
- Bank Besonderhede:
 - Standard Bank
Clearwater
00120600
Tjek Rekening
300556837

6. KLASPLASING:

- Klasplasing geskied met die beste belang van die kind in gedagte. Indeling van 'n kind by 'n spesifieke onderwyseres is die verantwoordelikheid van bestuur. Daar kan nie voldoen word aan versoeke om spesifieke plasings nie.

7. KANSELLASIE:

- 'n VOLLE KALENDER maand word vereis vir kansellasië. Kansellasië moet skriftelik geskied.
- Betaling van 'n volle maand se fooie in stede van kansellasië sal aanvaar word.
- Langdurige afwesigheid sal NIE AANVAAR word as kansellasië nie en ouers sal steeds verantwoordelik gehou word vir die betaling van fooie.

8. SIEKTE:

- GEEN SIEK kind sal by die kleuterskool opgepas word nie. Geen kind met koors kan toegelaat word alvorens 'n dokter bevestig het dat hy/sy nie 'n aansteeklike siekte het nie. Ouers sal onmiddellik in kennis gestel word as dit blyk dat 'n kind siek is.

9. MEDISYNE:

- Alle medisyne moet aan die klasonderwyseres oorhandig word en MOET in die kind se kommunikasie boekie aangedui word.
- Die skool sal onder geen omstandighede medisyne of instruksies aanvaar van 'n kind nie.

10. NOODGEVALLE:

- Die skool behou die reg om die kind na die naaste mediese sentrum te neem vir noodbehandeling. Die ouer of wettige voog sal nogtans verantwoordelik wees vir sodanige kostes. Die skool sal nie verantwoordelik gehou word vir dienste gelewer deur eksterne mediese beamptes nie.
- Die ouer sal desnoods nogtans die kind so spoedig moontlik kom haal vir verdere versorging.

11. IMMUNISASIES:

- Die skool neem geen verantwoordelikheid vir immunisering nie. Dit is die plig van die ouer om toe te sien dat alle immuniserings op datum is.

12. KOS:

- Smaaklike, voedsame maaltye word aan die kinders voorgesit.
- Moet asseblief nie u kind toelaat om enige lekkergoed, koekies of skyfies skooltoe te bring nie.
- Een vrug en joghurt of 'n broodjie per dag kan wel gegee word en sal tydens happietyd (10h00) geëet word.

13. SPEELGOED:

- Kinders word nie toegelaat om hul eie speelgoed skooltoe te bring nie. Die skool beskik oor baie speelgoed en dit is ook juis een van die vaardighede wat aangeleer word - om te deel!
- Die skool aanvaar daarom geen verantwoordelikheid vir enige speelgoed wat gebreek word of wegraak nie.

14. VERJAARSDAE:

- Verjaarsdae is 'n groot geleentheid vir 'n kleuter en ons deel graag in die vreugde. Ouers is welkom om versnaperinge skooltoe te stuur sodat kleinding sy partytjie by die skool kan vier. Vooraf reelings moet egter met die klasonderwyseres getref word.

15. KLEREDRAG:

- Merk asseblief u kind se besittings (klere, tas, bottels, proppe ens.) baie duidelik. Besittings wat nie gemerk is nie, kan nie gesoek word nie.
- 'n Ekstra stel klere en 'n trui moet elke dag saam gestuur word.

16. TAS:

- Elke kind moet elke dag 'n tassie skooltoe bring waarin sy/haar besittings geplaas kan word.

17. UITSTAPPIES:

- A.g.v. die risiko daaraan verbonde, word uitstappies tot die minimum beperk. Geen kind sal op enige uitstappie toegelaat word sonder 'n getekende toestemmings/vrywaringsbriefie nie.
- Verskeie gebeurtenisse (poppespeel, besoeke van "die plaas", ens.) word egter deur die jaar by die skool self aangebied, deur eksterne groepe/personne. Gelde word gehef om die koste van hierdie geleenthede te dek.

18. AFSPRAKE MET ONDERWYSERESSE:

- Gereelde kommunikasie met klasonderwyseresse en bestuur word deurentyd aangemoedig. Dit sal egter waardeer word indien afsprake vooraf gereel kan word sodat gesprekvoering ongestoord kan plaasvind.

18. OUERBETROKKENHEID:

- Inligtingsbriefies word op 'n gereelde basis volgens die temas wat in die klas behandel word, aan die ouers gestuur. In hierdie briefies word benodighede (wat meestal in alle huise is soos bv. blikke, rekkies, doppies, proppies) aangevra. Stuur asb. hierdie items soos aangevra, skooltoe aangesien dit die onderwyseres se taak aansienlik vergemaklik.
- Elke Vrydag is Bakersdag. Elke mamma kry 'n beurt om koekies te voorsien, die koekies word verkoop teen R4,00 stuk, en hierdie geld word dan aangewend om opvoedkundige apparaat aan te koop.
- 'n Konsert en gradeplegtigheid sluit ons jaar af. Ondersteun ons asseblief by hierdie geleentheid.

19. Die skool aanvaar GEEN AANSPREEKLIKHEID vir ongelukke, beserings en siektes opgedoen, of vir diefstal of verlies van u kind se besittings tydens bywoning van die skool nie.

Wikkelvoetjies BK

Kontrak 2015

Ek,, ouer/wettige voog van
verstaan en aanvaar Die voorwaardes vir toelating van **Wikkelvoetjies Kleuterskool** soos uiteengesit in
punte 1 tot 19 van hierdie dokument.

Ek verklaar dat ek die vasgestelde tariewe sal betaal soos neergelê.

Ek onderneem verder om 'n deposito van R600,00 (bo en behalwe die eerste maand se fooie) by registrasie
te betaal. Hierdie bedrag is nie terugbetaalbaar nie.

Ek gee **Wikkelvoetjies Kleuterskool** toestemming om fotos van my kind vir bemerking te mag gebruik.

Ek hou nie **Wikkelvoetjies Kleuterskool** verantwoordelik vir enige siekte, besering wat my kind mag
opdoen, diefstal, of wegraak van eiendom nie.

Die maandelikse fooi van R_____ is streng vooruitbetaalbaar voor of op die 1ste dag van elke
maand.

**DESEMBER FOOI IS TEN VOLLE BETAALBAAR SELFS AL VERLAAT MY KIND DIE SKOOL TEEN EINDE
NOVEMBER EN AL IS DAAR KENNIS GEGEE AAN DIE BEGIN VAN NOVEMBER.**

.....
HANDTEKENING VAN OUER/VOOG

.....
EIENAAR / ONDERHOOF WIKKELVOETJIES BK

.....
DATUM

.....
DATUM

Benodighede 2015

Benodighede vir die begin van elke jaar:

Elke Kind:

- Kussing, Kombers, Sonhoed (hoef nie nuut te wees nie).
- 1 x voorskoot/ou hemp vir verf aktiwiteite.
- 2 x Pakkies wetwipes per kwartaal.
- 2 x Bokse tissues per kwartaal.
- 2 x Groot bottels handewas seep (per familie) aan die begin van die jaar.
- 1 x Groot bottel handsanitizer (per familie) aan die begin van die jaar.

Blouklas:

- 2 x Pakkies uitdraai kryte.
- 1 x A4 Inkleurboek
- 1 x Pritt
- 1 x Sker
- 1 x Pak A4 papier (per familie), verkieslik wit
- 4 x A3 koeverte.
- 1 x 48 Stuk Legkaart.

Groenklas :

- 2 x Pakkies uitdraai kryte.
- 1 x A4 Inkleurboek
- 1 x Pritt
- 1 x Sker
- 1 x Pak A4 papier (per familie), verkieslik wit
- 4 x A3 koeverte.
- 1 x 24 Stuk Legkaart

Oranjeklas:

- 1 x Pakkie **dik** inkleur kryte (verkieslik Rolfes)
- 1 x A4 Inkleurboek
- 1 x Pritt
- 1 x Pak A4 papier (per familie), verkieslik wit
- 4 x A3 koeverte.
- 1 x Indruk Legkaart

Al die items moet duidelik gemerk word.